®

VLAKTE SKIETOEFENING

(AANVAAR 9/12/2004, LAASTE HERSIENNG 15 AUGUSTUS 2007)

Inleiding.

Hierdie oefening het ten doel om die jag van Springbokke oor langer afstande en in oop terrein te simuleer. Dit bied aan skuts die geleentheid om aan ‘n kompetisie deel te neem waar die teiken relatief klein is oor afstande van 200m en 300m. Die gewere moet dus akkuraat wees en die teleskope moet duidelik wees en genoeg vergroot (verkieslik 10x en meer) ten einde goeie skootsplasing te kan doen. Hierdie oefening is spesifiek gemik op díe skuts wat oor akkurate kleinkalibers beskik en wat na ‘n geleentheid soek om dit te kan aanwend.

Reëls.

1 Hierdie reëls vervang nie enige bestaande skietbaanveiligheidsreëls nie, maar moet aanvullend daartoe gebruik word.

2 Die teiken is die springbok wat spesiaal vir die SAJWV ontwikkel is.

3 Enige senterslagkaliber is toelaatbaar.

4 Enige teleskoop is toelaatbaar.

5 Vanaf 300m (Of treë, indien ‘n treë baan) word drie skote oor ‘n rus vanuit die lê-posisie geskiet. Indien ‘n skut ‘n mediese probleem het wat hom of haar verhinder om te lê en skiet, mag die persoon oor ‘n rus soos vir die 200m oefening gespesifiseer, sit en skiet.

6 Die rus kan enige ligte opvoubare en draagbare tweepoot of driepoot rus wees wat die geweer slegs voor die aksie ondersteun. Die klem is op lig en draagbaar. Die rus moet stewig en verkieslik met boutjies en moere aan mekaargesit wees. Die tipe wat net met ‘n rek aanmekaar gehou word, is word nie aanbeveel nie aangesien dit te maklik inmekaar val. Aanpassings wat stabiliteit en veiligheid bevorder mag aangebring word, solank dit steeds lig en draagbaar is. Byvoorbeeld mag toutjies tussen die pote gespan word en kort spykertjies mag aan die voete aangebring word om te verhoed dat dit platval of skuif. 19mm tot 25mm “dowel” stokkies werk goed. Integrale tweepote soos die Harris tweepoot, is toelaatbaar.

7 Geen sandsakke, bakstene, kameradriepote, bankskietrusse of enige iets anders wat nie in die gees van die oefening is nie, is toelaatbaar nie.

8 Vanuit die lê-posisie mag die ondersteunende hand die grond raak. Daar mag egter nie enige deel van die geweerkolf die grond raak nie. Daar moet altyd verseker word dat die geweerlope oor die opgeboude skietpunt steek.

9 Skietmatte of grondseile, nie-ondersteunende handskoene en elmboogbeskermers is toelaatbaar vir die vlakteskiettabel.

10 ‘n Tydsbeperking van 120 sekondes word toegelaat vir die drie skote nadat al die skuts gereed verklaar het. “**Gereed**” beteken ook vir al die oefeninge dat die gewere se magasyne gelaai is, maar dat die grendel nog oop is. Die grendel word eers toegemaak nadat die fluitjie geblaas het. Hiedie tydsbeperking geld vir al drie die skietoefeninge van die vlakteskiettabel. Indien ‘n skoot ná die tydsbeperking geskiet word, verloor die skut die hoogste punt op die teiken.

11 Vanaf 200m word daar in totaal ses skote na die teiken gevuur. Die eerste oefening van drie skote word vanuit die lê-posisie gevuur. ‘n Geweerband of rus mag gebruik word. Die rus kan enige ligte opvoubare en draagbare tweepoot of driepoot rus wees wat die geweer slegs voor die aksie ondersteun. Indien ‘n skut ‘n mediese probleem het wat hom of haar verhinder om te lê en skiet, mag die persoon sit en skiet met ‘n rus.

12 Geweerbande wat op twee plekke aan die geweer geheg is, kan gebruik word. (Met ander woorde, die geweerband moet van só ‘n aard wees dat die geweer met veiligheid oor die skut se skouer gedra kan word.)

13 Die tweede oefening van drie skote vanaf 200m word vanuit die sittende posisie met behulp van ‘n rus gevuur. Indien die skut ‘n mediese probleem het wat hom of haar verhinder om te sit en skiet, mag die skut kniel of staan en skiet met behulp van ‘n rus. Die rus kan enige ligte (draagbare) tweepoot- of driepootrus wees wat die geweer slegs voor die aksie steun. Aanpassings soos in reël 6. is toelaatbaar.

14 Enige spesifieke toerusting of windvlae om die sterkte van die wind te bepaal, is ontoelaatbaar. Slegs die verpligte standaard gevaarvlae by die skietbane mag deur die skuts gebruik word. Deelnemers word versoek in die gees van oefening om nie windmeters op enige plek op die skietbaan te gebruik nie.

15 Enige tipe toerusting, tegnieke of enige iets anders wat deur skuts gebruik word en wat volgens die Skietkomitee nie in die gees van die vlakteskiettabel is nie, sal verbied word. Indien daar twyfel in die verband bestaan, moet dit vooraf met die skietkomitee uitgeklaar word.

16 Indien ‘n skoot ‘n lyn tussen twee aangrensende tel-areas op die teiken raak, kry die skut die voordeel van die hoër telling. Indien die lyn egter tussen ‘n minus en nul geraak word, tel die minus want dan is die bok gekwes. Die lyn moet net geraak wees en hoef nie heeltemal gebreek te wees nie. Indien daar twyfel bestaan of die lyn wel geraak is, moet die baanoffisier ‘n koeël van dieselfde kaliber deur die gat druk om te sien of die lyn wel geraak is.

17 In die geval waar daar te veel skote op ‘n teiken is, moet die baanoffisier eers bepaal of daar skote kort op die omliggende teikens. Indien daar skote kort, moet daar eerstens probeer word om onderskeid volgens kaliber te tref. Indien dit nie moontlik is nie, word eerste die laagste telling afgetrek, daarna die hoogste en dan weer die laagste totdat al die oortollige skote verreken is. Indien die skut voel dat hy benadeel word, kan hy versoek om die tabel oor te skiet. Die persone wat op verkeerde teikens geskiet het, verbeur die skote.

18 Indien daar egter te veel skote op ‘n teiken is, en niemand kort enige skote in die omgewing nie, en kalibers kan nie onderskei word nie, dan word die hoogste tellings verminder totdat die korrekte aantal skote op die teiken oorbly.

19 Slegs die eerste poging van ‘n skut mag gebruik word vir telling registrasie doeleindes.

20 Die slaagsyfer is 160 punte uit 270 (60%).

21 Kwalifiserende tellings vir balkies:

Brons balkie	160 - 189 (60% - 69 %)
Silwer balkie	190 - 219 (70% - 80 %)
Goue balkie	220 - 270 (81% - 100 %)

Springbok Teiken:



(werklike grootte: WxH = 1000 x 680mm)

Teiken Areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Brein/skedel:	120 x 86	83	140%
Hart:	86 x 88	58	--
Sentrale hart/long:	150 x 154	204	350%
Groter hart/long:	195 x 195	350	600%

Nekwerwel: 45mm wyd

Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op'n afstand sigbaar is nie. Die tellings word nie op die teiken gedruk nie.